

Die Here is naby

Reeks preke oor die brief aan die Filippense

Dr AH Bogaards

2013

Preek 1

Lees: Hand. 15:40-16:15

Teks: Hand.16:14

Psalms: 97:1,7; 71:1,2;19:4; 98:1,2; 98:3,4

1. Inleiding:

Ter inleiding tot hierdie preek wil ek graag u aandag op **drie blye, heerlike wonderwerke** vestig:

1. **Wonderwerk nr.1:** dit is 'n heerlike wonder wanneer die Here predikers stuur, as Hy sy gesante stuur na mense wat hulpeloos en reddeloos verlore is, as Hy aan ons by monde van sy boodskappers die blye boodskap van verlossing in Christus laat verkondig. Dit is 'n Godswonder wanneer die Here elke Sondag sy prediker na ons toe stuur om ons van ons diepste nood, die sonde, te red.
2. **Wonderwerk nr.2:** dit is 'n heerlike wonder wanneer die Here ons harte, wat van nature toegesluit is vir die evangelie, oopsluit. Dit is 'n wonder. Want self wil ons nie, self kan ons nie, maar God kan en in sy groot genade doen Hy dit – ondanks ons vyandskap.
3. **Wonderwerk nr.3:** dit is 'n heerlike wonder wanneer die Here ons harte gee wat die evangelie met verwondering aangryp. Dit is 'n Godswonder as Hy ons harte skenk wat met vreugde die prediking omhels en dit toepas.

By drie sake bepaal ek dus u aandag en dan doen ek dit aan die hand van drie hoofpunte:

1. die Here stuur gesante deur sy Heilige Gees;

2. die Here open menseharte deur sy Heilige Gees; en
3. die Here gee ons deur sy Gees 'n hart vir die gepredikte Woord.

2.1. die Here stuur gesante deur sy Heilige Gees

In ons tekshoofstuk ontmoet ons die apostel Paulus en sy metgeselle op hulle tweede sendingreis. **Sý bedoeling** daarmee was om die gemeentes, wat hy op sy eerste sendingreis gestig het, te besoek (Hand.15:36). Nadat hy hierdie doel bereik het, wou hy 'n paar ander plekke in Asië besoek. Maar **Gód se bedoeling** was anders: Paulus moes nie na Asië nie, maar na Europa.

Daarom gryp Koning Jesus vanuit sy hemelse paleis in en hy dwing sy gesante om te gaan waar **Hý** hulle wil hê. **Drie maal** hoor ons **hoe Hy ingryp**:

1. In v.6 vertel Lukas dat die Heilige Gees Paulus en sy makkers **verhinder het**, om in Asië die woord te verkondig.
 2. En dan weer, net in die volgende vers, staan daar: die Gees het hulle **nie toegelaat** om na Bithinië in Asië te gaan nie.
 3. En die derde ingrype is **die gesig van die Macedoniese man** wat roep: **Kom oor na Macedonië en help ons**. Kom oor na Europa.
- I. Die **eerste les** wat ons hier dus leer is: **die Here Self stuur sy boodskappers**. Hy Self besluit en bepaal waarheen en na wie toe hulle moet gaan. Vanuit sy hemelse woning handel Koning Jesus deur sy Gees. **Hý** handel in Handeling en nie mense nie - ook nie sy gesante nie.

Dit is vandag nog ewe waar. Geen dominee gaan uit sy eie na 'n bepaalde gemeente nie. Die Here Self besluit daarvoor. Hy stuur hulle. So staan dit ook in die bevestigingsformulier vir predikante.

- II. Maar in die gesig van die Macedoniese man lê daar vir ons nog 'n **tweede les** opgesluit: die Here stuur nie alleen nie, maar Hy **stuur na mense in nood**.

Want hierdie gesig is niks minder as 'n noodsein nie: help! Ons kan dit gerus vergelyk met die noodberigte wat skepe uitstuur as hulle in die moeilikheid is: S.O.S. Dit staan vir: **Save Our Souls**. Red ons siele. Red ons lewens.

Maar wat was dan **die nood** van hierdie man? En wat was die nood van die mense wat hy verteenwoordig? Wel, die lewensskip van die die Macedoniërs - of anders gesê : die lewensskip van die mense van Europa, want daarvan was Macedonië deel - hulle lewensskip was besig om onder te gaan onder die branders van die sonde. Hulle was aan't vergaan onder die woedende golwe van God se toorn. **Dit** was hulle nood.

Hierin kan geen mens help nie. Alleen die reddende evangelie kan. Dit is die enigste reddingsboot wat van ewige ondergang kan red. Alleen Jesus Christus is ons ark van behoud. Hierdie noodroep **help** beteken soveel as: ***Help ons, o God, help ons met u evangelie.***

Daarom kom die noodroep tot die draers van die evangelie: kom, Paulus, kom oor na Macedonië en help ons! S.O.S.! Red ons siele.

In die gesig het die apostels **met alle sekerheid** die roepstem van die Here Jesus Self in die gesig gehoor: ***Ons was versekerd dat die Here ons geroep het om die evangelie aan hulle te verkondig.***

Ons sit met dieselfde probleem: die sonde en daarmee saam die toorn van God. Maar dit is nou juis die Godswonder van elke erediens: Daarin kom die Here self na ons toe. Hy kom deur sy gesante. Deur sy predikers werp Hy ons die reddingsboei van die evangelie toe. So doen Hy wat net Hy alleen kan doen.

Maar daarom moet ons die prediking en God se evangelie-dienaars waardeer. Ons moet hulle ontvang as mense deur die Here self gestuur om ons die weg van verlossing aan te wys. Dit is die helpende hand van God. Deur hulle prediking steek God sy hand reddend na ons toe uit. So handel die handelende Koning van die kerk vandag nog met sy volk. Help ons – en dan stuur God sy helpers met sy helpende Woord.

Maar ons kom by die tweede hoofpunt:

2.2. die Here open deur sy Gees en Woord ons hart

Die eerste plek in Macedonië waar Paulus-hulle aangekom het, was Filippi.

Hierdie stad het sy ontstaan alreeds in 360 v.C. gehad, maar eers sedert 42 v.C. het dit 'n stad van betekenis geword. Want toe het Octavius, die latere keiser Augustus, na sy oorwinning, Filippi verhef tot 'n **Romeinse kolonie**. Anders as die woord **provinsie**, wat by die Romeine oorwonne gebied beteken, was 'n kolonie 'n gebied buite Italië waar Romeinse setlaars, gewoonlik oud-

soldate, gevestig is. So 'n kolonie moes dan diens doen as 'n vesting en afskrikmiddel teen opstande deur die onderworpe inheemse bevolking. Filippi was dus 'n soldatestad, maar ook 'n koopmansstad.

By Filippi het keiser Augustus sy triomfboog opgerig, 'n monument ter herinnering aan sy grootse oorwinning aldaar. Maar juis hier, in Filippi, sou die evangelie van die kruis sy eerste oorwinning op Europese bodem behaal. Hier sou die eerste gemeente in Europa tot stand kom.

Na hulle aankoms in die stad het Paulus en sy metgeselle 'n paar dae in die stad rondgewandel op soek na Jode by wie hulle aansluiting kon vind, of na mense wat bereid was om na hulle prediking te luister. Blykbaar was daar egter so min Jode in die plek, dat daar nie eens 'n sinagoge was nie.

Wel kon Paulus-hulle vasstel dat daar 'n bidplek was buite die stad langs die rivier. Daar het 'n aantal Jode op die Sabbat saamgekom. Toe die Sabbat aangebreek het, het Paulus en die ander dus daarheen gegaan. Daar was egter net 'n paar vroue. By hulle het Paulus aangesluit en hulle begin vertel van Jesus Christus.

En -een van die vroue het geluister **én gehoor**. Baie luister Sondae, maar min hoor.

Hierdie vrou se naam was Lidia. Sy was 'n **godvresende** vrou. Dit beteken: sy was **'n heiden wat haar tot die Joodse godsdiens bekeer het**.

Sy was afkomstig uit Thiatire. Dié stad was bekend vir sy handel in 'n purper kleurstof. Dit is verkry van die sogenaamde purperslak. Elke slak het maar een druppel van die verfstof gegee. U kan dus begryp dat dit geweldig duur en kosbaar moes wees. Hierdie keurstof is dan gebruik om klere mee te kleur. En nou het Lidia waarskynlik juis daaruit haar bestaan gemaak, dat sy van die uiters **duursame purper klere verkoop** het.

Uit dié handel het Lidia sekerlik 'n goeie inkomste gemaak. Maar die aardse rykdom kon haar nie werklik gelukkig maak nie. Maar op daardie dag daar langs die rivier sou sy die **ware lewensrykdom** ontvang: die vreugdetyding van Jesus Christus.

Moet **óns** nie ook hieruit leer nie? Aardse dinge, ons geld, ons goed, kan ons nie waarlik ryk en gelukkig maak nie. Alleen Jesus kan. Dit is tog opvallend dat in die Grieks, die taal waarin die Nuwe Testament oorspronklik geskryf is, die woordjies **genade en blydskap** soveel op mekaar lyk. Gemeente, genade maak bly. Die blye boodskap gee vreugde - die handelende Jesus met die handelende Almagswoord.

In die lewe van Lidia vind daar, onder die prediking (Woord-verkondiging) van Paulus ‘n Godswonder: **die Here het haar hart geopen** om ag te gee op wat deur Paulus gesê is.

Die **beeld** wat ons hier voor oë geroep word, is die van ‘n **deur**. Deur die sonde is ons hart toegrendel vir God. Dit is gesluit vir sy evangelie. Ons kan dit nie self oopmaak nie en ons wil ook nie. Dit is uitsluitlik God se werk. So staan dit ook hier: **die Here** het haar hart geopen. Vanuit die hemel handel ons Here Jesus en deur sy Gees en Woord sluit Hy ons hart oop. Hier het u dit dus weer: **die handeling van die verhoogde Here Jesus in Handeling**.

Hieruit moet ons leer: **die prediking alleen kan ons nie verander nie**. G’n dominee, hoe goed hy ook al preek, kan ons hart open nie. **Gód moet dit doen**. Dit het Paulus ook op ‘n keer so saamgevat: **Ek het geplant, Apollos het natgemaak, maar God het laat groei** (1 Kor.3:6).

Bid daarom die Here dat Hy u hart sal open vir die prediking. Doen u dit? Doen u dit voor elke diens?

Die prediking alleen is dus nie genoeg nie. Die Here en sy Gees moet daarby kom. Maar beteken dit dat die prediking dan waardeloos is? Geensins! Want ons sien in die derde plek:

2.3. die Here gee ons deur sy Gees én Woord waardering vir die prediking

Ons mag nooit miskyk nie: Lidia het **geluister** en die Here het haar hart geopen. So staan dit in ons teks.

Die **luister** was dus **wel belangrik**. Ja, ek kan maar sê: Dit was **onmisbaar**. Die Here werk immers deur sy Woord. Die prediking is die sleutel waarmee Hy die deur van ons hart oopmaak.

In die verband wil ek u op ‘n ander teks wys waar ook die **beeld van ‘n deur** gebruik word. Ek bedoel **Openbaring 3:20**, hierdie woorde van Jesus: **Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek ingaan na Hom toe en by hom maaltyd hou, en hy by my**. Soms word hierdie teks deur sektes so voorgestel asof Jesus by die deur van ons hart staan en klop. Maar Hy kan self nie inkom nie, want die deur het net ‘n knop aan die binnekant. Daarom moet **óns** die deur oopmaak en Jesus in ons harte inlaat. Dit is natuurlik glad nie wat daar staan nie. Wat daar wel staan, is dat ons die stem van die Here hoor. Hy praat met ons en deur sy Woord beweeg Hy ons om ons harte vir Hom te open. **Sy Woord doen dit** dus ten diepste. En dit onderstreep net nogeens die absolute noodsaak van die gepredikte Woord.

Maar ook uit die res van Hand.16:14 blyk dit duidelik hoe belangrik die prediking vir die Here is. Want daar staan: die Here het Lidia se hart geopen **om ag te gee op wat deur Paulus gesê is**. Dus: die Here **ontsluit haar hart** om die woord van sy gesante **ter harte** te neem. Daarom het die Here haar hart oopgemaak, SODAT sy 'n oop hart sou hê vir die verkondiging van sy gesante.

Sy het **ag gegee** op wat deur Paulus gesê is. Dit beteken nie alleen dat sy dit waardeer het nie. Dit hou ook in dat sy dit gehoorsaam het, dat sy dit ook toegepas het in haar lewe, dat sy ook daaruit gelewe het.

Dit is eweneens 'n **Godswonder**. Want van nature, soos ons deur die sondeval geword het, het ons geen waardering vir die Woord nie. Maar **as God ons aangryp deur sy Evangelie, gryp ons sy Woord aan**. Dan kom ons onder die indruk daarvan.

Ek vestig u aandag ten slotte op nog iets: toe **die deur van Lidia se hart** deur die Here geopen is, het sy **ook die deur van haar huis geopen ... vir die apostel van die Here**. D.w.s. toe haar hart oopgegaan het vir God, het sy ook 'n oop hart gehad vir sy kerk.

Ja, toe wou sy ook deel wees van die kerk. Daarom het sy haar deur die doop, laat inlyf by die kerk. Sy wou deel wees van die gemeenskap van die heiliges en sy wou luister na God se gesante.

3. Slot

Jesus Christus se handeling maak ons bly. Want Hy open ons oë deur sy Gees en Woord vir die weelde van die evangelie. En daar is geen blyer boodskap as dit denkbaar dat Jesus sondaars saligmaak nie.

Die handeling van die Here staan in hierdie geskiedenis in die sentrum. Dit is ook die hart van die Filippense-brief en die bron van die blydschap: die Here is naby, verbly julle in die Here, in sy handeling.

Die Here is naby – Filippense 4:6 -, dit is die skanier waarom die brief draai. Hier sien ons in die praktyk, in die handeling van die handelende Koning in Handeling, wat dit beteken dat die Here naby is.

AMEN

